**20 Mei**

Skrifgedeelte: Psalm 48
Fokusgedeelte: Psalm 48:2

# Die God van die kerk

In hierdie Psalm word die stad van God besing, maar die klem val eintlik op die God van die stad. Dit is ’n loflied tot eer van die HERE. Dit is nie moontlik om die historiese gebeurtenis of die geleenthede waar dit gesing was, te bepaal nie. Dit is ook duidelik dat die volk in hulle feesviering ’n optog deur die stad gemaak het.

Die feesskare is in Sion en binne die mure van die stad voel hulle veilig. Tog erken hulle dat God die koning van die stad is. Dit is God wat eintlik hulle rotsvesting is. Daarom wil hulle God die HERE loof (vs 2-3).

In verse 4-8 vertel hulle van vyande wat al in die verlede die stad aangeval het. Vyandige konings het soms van oorsee gekom, maar by die stad het hulle verdwaas teruggedeins en weg gevlug want hulle moes die stryd teen die HERE gevoer het. Hulle skepe is verwoes en die vyand het bang en bevrees geword. In vers 9 vind ons die hoogtepunt:

“Laat Sion nou van blydskap sing:
God het die mag wat uitkoms bring” (Cloete vs 3).

In vers 10-12 is die digter weer in die tempel. Hy sing nou saam met die kerkvolk ’n loflied en nooi almal daar buite om in te kom en saam te sing. Almal kan bly wees, want God laat altyd reg geskied.

In die laaste verse (vs 13-15) word almal genooi om saam met die volk al om die stad stap en die grootsheid van die stad te bekyk:

“Aanskou die stad met skanse,
paleise, toringtranse!” (Totius vs 5).

Daarteenoor eindig die Psalm deur weer alle lof aan die God van die stad te gee:

“Die God is onse God, en Hy
sal tot die dood toe ons gelei” (Totius vs 5).

Ons het nie ’n stad waarheen ons kan opruk nie. Tog gaan ons elke Sondag kerk toe. Hier kan ons tot rus kom. In die kerk gaan dit nie om die gebou of ander mense in die kerk nie, maar dit gaan om die God van die kerk. Hy het ons in Christus verlos en sal ons tot die dood toe begelei.

Sing: Psalm 48:5 (Totius)

Prof FN Lion-Cachet (Emeritus)